Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, January 24, 2021
Page: 16

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

# Aanwas en taks in die huwelik



## En nee, die maritale mag van die man bestaan nie…

Ek het talle navrae van lesers gekry oor die afgelope twee Sondae se rubrieke wat gehandel het oor belasting en die huwelik. Vandag kyk ek na een so 'n vraag: Hoe werk belasting in huwelike waar die aanwas van toepassing is?

Die aanwasbedeling kom daar uit 1984 toe die Huweliksgoederewet (Wet 88 van 1984) in werking getree het. Sedertdien is alle huwelike wat die gemeenskap van goed uitsluit, outomaties onderworpe aan die huweliksaanwas. As julle dit nie van toepassing wil maak nie, moet dit spesifiek in 'n voorhuwelikse kontrak uitgesluit word.

Dit is egter nie vir my die belangrikste element in hierdie stuk wetgewing nie. Verreweg die grootste tree vorentoe wat betref gelyke regte vir almal, na my mening, is die bepaling in die wet wat die (Middeleeuse) gemeenregtelike beginsel dat die man die maritale mag oor die eiendom en die persoon van sy vrou het, finaal nek omdraai.

Laat ek dit uitspel vir die wat sleg lees: Daar bestaan nie iets soos die maritale mag van die man nie. En gelowe wat dié twak nog propageer kan gerus hul koppe reg kry.

### Twee goed om te weet

Goed, wat sê die wet vir ons in eenvoudige taal en in praktyk? As die huweliksaanwas van toepassing is (met ander woorde julle is nie getroud binne gemeenskap van goed nie en die aanwas is nie spesifiek uitgesluit in jul huweliksvoorwaardekontrak nie), dan is daar veral twee beginsels wat ek wil uitlig.

**Die eerste** is dat elkeen tydens die huwelik aan sy of haar eie bates bou asof julle buite gemeenskap van goed getroud is. En wat betref die kern van ons tema, belasting, beteken dit dan ook dat elkeen sy of haar belastingverpligtinge in eie naam nakom. Daar is nie 'n verdeling van inkomste en die belastings daarop soos met huwelike binne gemeenskap van goed nie. Kortom, elkeen werk aan sy eie welvaart en sy eie boedel en betaal sy eie belasting.

**Die tweede** beginsel is dat by beëindiging van die huwelik (hetsy by egskeiding of dood) het die gade wie se boedel die minste groei getoon het tydens die bestaan van die huwelik (outomaties) 'n eis teen die ander party, of sy of haar boedel, vir 'n bedrag gelykstaande aan die verskil in groei tussen die twee onderskeie boedels.

### Wat is die belastinggevolge?

Daar is nie belastingslaggate tydens die huwelik nie, of liewer nie enigiets wat deur die huweliksvorm self geraak word nie. Ook nie ná beëindiging van die huwelik nie, want elkeen loop mos daarna sy eie pad (of die een is dood).

Maar as ons bietjie dieper dink, veral vanuit 'n finansiële en boedelbeplanningsoogpunt, is daar tog belastingimplikasies wat in gedagte gehou moet word.

Die verskil in groei tussen die twee boedels (die aanwaseis) hoef nie in kontant uitbetaal te word nie. Dit kan ook vaste eiendom wees.

As dit 'n bate is waaruit inkomste verdien word, is dit tog logies dat daardie inkomste voortaan belas gaan word in die hande van die nuwe eienaar.

Dit is veel belangriker om aan kapitaalwinsbelasting (KWB) te dink. Dit kan 'n baie groot invloed hê op die werklike waarde van die bate wat ingevolge die aanwasverdeling plaasvind.

Bates wat tussen gades oorgedra word, ingesluit bates wat verdeel word tussen gades ingevolge die aanwasbedeling, trek nie KWB nie. Die KWB-verpligting gaan oor na die gade wat die bate verkry (dieselfde reël geld by dood).

Kom ons sê manlief het 'n strandhuis gekoop vir R1 miljoen en teen die tyd toe die huwelik ten einde loop, het die waarde van die strandhuis gegroei tot R5 miljoen. Kom ons sê sy eks het weens die aanwasbedeling 'n eis teen sy boedel vir R5 miljoen (sy boedel het goed gegroei) en hulle besluit dis reg so en gee vir haar die strandhuis.

Billike verdeling sou 'n mens sê. Maar daar is die KWB-slang wat skuil. As die eks besluit sy wil die strandhuis verkoop, is sy aanspreeklik vir KWB op 'n wins van R4 miljoen (die verskil tussen die prys toe haar man dit gekoop het en die prys waarteen sy dit verkoop). As haar marginale belastingkoers 40% is, gaan sy R633 600 aan KWB moet afstaan. Dit is 13% minder as die waarde wat sy gedink het sy kry met die aanwasverdeling.

Dis die enigste belastingprobleem wat ek meen aandag moet kry, altans in lewe. By dood is die aanwaseis aftrekbaar vir boedelbelasting in die boedel van die oorledene. Natuurlik verhoog dit die waarde van die boedel van die langslewende terselfdertyd. En dit is nog 'n rede waarom ek so knaend vir lesers wys op die wysheid van goeie finansiële beplanning.

Net 'n laaste punt. Tydens die bestaan van so 'n huwelik is die partye vry om met hul bates te doen soos hulle wil en kan hulle selfs bates in trusts plaas, wat dit (normaalweg) nie vatbaar sal maak vir 'n aanwaseis nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.